Sing vooraf staande: Psalm 16:2 (p. 61)

2 Wie hier 'n ander god met gawes eer, / dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nóg begeer; / sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker, / my lot is in sy hand vir ewig seker.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm: Skrifberyming 1-1:7 (24:7)

7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriedag van God, wat kom.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 2:4 (p. 6)

4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegenereer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.

Skriflesing: 1 Petrus 1

Teks: 1 Petrus 1:5-7; Kategismus Sondag 22

wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd. Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is – 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;
(1 Petrus 1:5-7 AFR1953)

Die apostel Petrus skryf sy brief vir vreemdelinge.

- Hulle is vreemdelinge omdat hulle nie tuis is in hierdie wêreld nie.
- Hulle is tuis by die Here, daarom kan die wêreld nie hulle manier van dink en doen verstaan nie – en word hulle verag en verwerp.

Tog is die volle waarheid dat die Here hulle oor die aarde verstrooid laat raak het as gevolg van oorloë en ook die vervolging van die Christene.

- Maar, al was hulle vreemdelinge wat verstrooi was, was hulle ook uitverkorenes wat 'n lewende hoop in hulle gehad het – 'n hoop wat baie groter en hoër was as die vervolgings en die pyne van hierdie lewe.

- Hulle is kinders van God wat die lewende hoop gehad het dat hulle ’n erfporsie by die Here sou kry.

Dit is so dat die almagtige God sy goeie gawes aan alle mense gee.
- Hy laat byvoorbeeld reën oor gelowiges en ongelowiges.
- Maar sy erfenis gee Hy slegs vir sy uitverkore kinders!
- Dis hierdie erfenis waarop die verstrooide vreemdelinge en alle gelowiges (ook ons) hulle hoop vestig.

Ons het hierdie erfporsie nog nie fisies in ons besit nie. Ons kry dit eers ten volle op die dag wanneer die Here Jesus kom om die einde van die geskiedenis af te handel.

Daarom kyk ons na hierdie erfporsie wat ons – net soos die gelowiges vir wie Petrus skryf – erf.

1. Die Here bewaar ons sodat ons eendag kan erf
2. Elke ware gelowige gaan eendag by God erf

1. Die Here bewaar ons sodat ons eendag kan erf

Waarom sal die Here ons bewaar? Wat sou sy beweegrede wees?
- Die Here beskerm ons sodat ons die erfdeel wat Hy vir ons in die verdienste van die Here Jesus se verdienste vasgelê het, in besit kan kry.
- Omdat ons as begunstigdes in die erflating van die Here geen regte het nie, beskerm die Here ons uit genade.

Die beskerming van die Here is nie ook maar sommer net iets waarvan ons praat nie. Die Here beskerm ons met sy almag.
- Dit beteken dat ons nooit vernietig kan word nie. Die Here se almagtige genade maak dat nie een enkele gelowige afvallig kan word en uit sy genade kan wegraak nie.
- Hierdie bewaring van die Here raak twee fasette van ons bestaan: Dit raak die fisiese deel van ons lewe, maar dit raak ook ons geloofslewe.
- As ons nie hierdie beskerming van die Here gehad het nie, sou geen kind van God behoue gebly het nie.

Ons kan die bewaring van die Here so opsom: Ons word bewaar tot die dood, in die dood en na die dood.

Daar is al baie geskryf en gepraat oor wanneer of hoe lank ons na ons dood by God uitkom.
- Die Bybel leer ons dat ons dadelik na ons dood by God is.
- Daar verloop nie eers ’n tyd van die een of ander aard nie.
- Ons word ook nie eers iewers gestoor tot met die wederkoms nie.

Lukas 16 en 1 Tessalonisense 4 leer dat ons dadelik in die hemel by die Here opgeneem word wanneer ons sterf.
- Op daardie oomblik ontvang ons al ons geestelike erfenis – al is dit dan nog net in beginsel, want ons ontvang die volle erfdeel eers wanneer ons liggame ook opgewek en weer met ons siel verenig is.
- Die Bybel leer dat die opwekking van die liggame gebeur wanneer die Here Jesus met die wederkoms verskyn (1 Tessalonisense 4 en 1 Korintiërs 15).

Menslik gesien klink dit heeltemal onmoontlik, want die meeste liggame vergaan tot stof.

- Daar is letterlik niks meer daarvan oor nie – maar by God is die dinge wat vir ons onmoontlik is, nog steeds heeltemal moontlik.
- Die Here belowe dat ons liggame nie net gaan opstaan nie – dit gaan verheerlik opstaan.

Die Bybel sê dat ons dan gelykvormig is aan die Here Jesus Christus. Ons sing dit ook met Skrifberyming 2-4:2:

Wat die Heer nog meer vervul het,
bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het
van die eewge vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom,
dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning
Hom aanskou in sy verskyning.

2. Elke ware gelowige gaan eendag by God erf

Hierdie dinge is ’n vooruitsig en ’n vreugde wat die wêreld nie ken nie.

- Die gelowiges gaan eendag in volle gemeenskap by God wees.
- Vir die ongelowiges is dit ’n tyd van vrees en donkerte.

Natuurlik is daar baie werkinge van die duiwel wat ons hieraan wil laat twyfel. Hy versteur dit alte dikwels deur teenspoed en allerhande dinge waarmee hy ons lewenshoop probeer bederf.

- Maar dis juis waarom die Here hierdie dinge aan ons openbaar – sodat ons verder kan kyk as wat die duiwel se besoedeling is!
- Die Here gee vir ons die ewige lewe nou al as ’n beginsel om ons deur die ergste stryd en donkerte te dra.

Die erfporsie wat ons kry, is ’n genadereg wat die Here Jesus vir ons verwerf het. In God se genade word hierdie ewige erfdeel aan ons bemaak en bewaar tot ons dit op sy tyd in besit sal neem.

- Dis nie ’n erfdeel waarop ons enige natuurlike reg het nie – ons het juis met ons sondes op ’n natuurlike manier daarvan afstand gedoen!
- Maar die Here gee dit vir ons uit genade terug deur die Here Jesus Christus se verdienste aan die kruis.
- Al wat ons moet doen, is om met ’n heilige geloof hierdie beloftes aan te neem en om in gehoorsaamheid aan ons Verlosser te volhard.

Menslik gesien, het ons dalk nog ’n swaar pad om te loopvoordat ons daar aankom.
Die rede daarvoor lê in God se openbaring:

- Die laaste boek van die Bybel leer dat die Here nog die aarde in oorloë en aardbewings en vlamme sal laat opgaan.
- Ons sal daardeur moet gaan met die vaste vertroue op hierdie beloftes van God.

Die dinge gebeur juis so, sodat ons die kontras tussen die werke van die duiwel en die oordeel van God wat daarmee saamgaan, soveel helderder kan sien wanneer die volmaakte kom!

- Teen die swart verbrande as van dié ou wêreld, skep God vir ons ’n nuwe volmaakte aarde. Dan is ons weer in die volmaakte skepping waar Adam en Eva was.
- Teen die ou aarde waar gebreke en droogtes en dood en verwoesting was, verrys ’n nuwe aarde wat vry is van smet en vernietiging!

Hierdie erfdeel kry ons van ons Verlosser. Die Boek Openbaring (1:5) sê die volgende van Hom:

. . . Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed . . .

- Hierdie hoogste God en Koning met sy oppergesag het Hom tot in die diepste verneder.
- Hy het vuil sondaars lief – mense wat nie inpas by sy hoë heiligheid nie.
- Toe verlos Hy hulle van die dinge wat tussen hulle en sy troon staan. Hy was ons in sy bloed skoon van al ons vuil sondes!

As rein gewasdes word ons deur God van sondesmet vrygespreek en met heerlikheid beklee en op ons erfdeel gevestig.

Kom ons lees saam wat ons alles hieroor bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 22:

57. Vr. Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?

Antw. *Dat nie alleen my siel ná hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar dat ook hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en gelykvormig sal word aan die heerlike liggaam van Christus (b).*

58. Vr. Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antw. *Dat, aangesien ek nou die beginsel van die ewige vreugde in my hart gevoel (a), ek ná hierdie lewe volkome saligheid sal besit wat geen oog gesien, geen oor gehoor en wat in die hart van geen mens opgekom het nie en dit om God ewig daarin te prys (b).*

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 33:6 (p. 159)

6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Junie 2010

Bybelverwysings by die Kategismus

By vraag 57

(a) Lukas 16:22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.

Lukas 23:43 En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.

Filippense 1:21 Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.

Filippense 1:23 Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;

(b) Job 19:25, 26 Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;

I Johannes 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

Filippense 3:21 wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

By vraag 58:

(a) II Korintiërs 5:2, 3 Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word, as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie.

(b) I Korintiërs 2:9 maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van `n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.